



TRANSORANJE INSTITUUT  
VIR  
BUITENGEWONE ONDERWYS (TOIBO)

Posbus 13383, Hatfield 0028  
Duxburyweg 174 Hillcrest 0083

T: 012-362 0660

F: 012-326 0665

E: [toibo@imagnet.co.za](mailto:toibo@imagnet.co.za)

Geagte Dominee

Dit was 'n besige maand, en ek gee u graag 'n kykie na alles wat plaasgevind het. Dankie aan almal wat vir TOIBO 'n geleentheid geskep het om die kind met 'n spesiale onderwysbehoefte beter te kan ondersteun. Lees ook Bianca se storie van hoop.

**Die OMDAT Trust** het op 2 Junie 'n Gholfdag aangebied met TOIBO as begunstigde. Arno Greeff het as seremoniemeester opgetree.



### NH Kerk Pretoria-Oos -

Op 4 Junie het ons 'n goeie informele gesprek met die leraars en gemeentelede gevoer tydens hul besprekingsdiens.

Op 11 Junie besoek ons die Kinderbediening van

**Kerksondermure Midstream** waar ons die kinders vertel het van TOIBO en haar skole, en inligting deurgegee het oor die hantering van en onderwys aan blinde en dowe kinders. Transorange-skool se Gebaretaalkoor het ook opgetree. Ons leer die kinders ook hoe duur spesiale onderwys is. Die koste van 'n Perkins Brailleur beloop byvoorbeeld R13 999 teenoor 'n ander kind se potlood of pen van R10.



Vriendelike groete tot volgende maand.

Arina Jooste

ARINA JOOSTE  
UITVOERENDE BEAMPTE

DS GERRIE VAN DYK  
VOORSITTER

### Nuusbrokkies

TOIBO

TOIBO het gehelp dat twee minderbevoorregte seuns van Transorange-skool vir Doves se droom waar word. Albei is gekies vir die Blou Bulle Buitengewone Onderwys Cravenweekspan en kan nou die toernooi in Durban bywoon.

As deel van TOIBO se 70-jaarvieringe ontvang elke skool vanjaar R70 000 as geskenk. Die Boom van die Jaar, die blinkblaar-wag-'n-bietjie, word ook geplant.

Simboliek: Die wag-'n-bietjie verteenwoordig lewe. Die twee doringe wys daarop dat die lewe nie altyd eenvoudig is nie. Die een doring wys terug en simboliseer waar ons vandaan kom, en die ander een wys vorentoe, om die pad vorentoe aan te wys.

### Hier verander ons lewens:

- Transorange-skool vir Doves
- Prinshofskool vir Gesiggestremdes
- Sonitusskool vir Gehoorgestremdes
- Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid
- Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes

Transorange Instituut, ABSA  
Reknr: 020 840 145

# Storie van hoop



*Bianca de Villiers  
Oudleerder Martie du Plessis*

*Ek was 'n infertiliteitsbaba. Ek was een van 'n tweeling. Die ander enetjie het dit vroegreeds nie gemaak nie, en ek is gebore op 32 weke swangerskap (op Woensdag die 13de, let wel nie Vrydag nie) met baie komplikasies. Ek was 'n vegtertjie en het dit oorleef.*

*Op 3 jaar is ek reeds gediagnoseer as ADHD. My ouers wou dit toe nog nie aanvaar nie. Ek het graad R met lof gedruip. Ek kon op 5 jaar nie my naam skryf, tel, teken of inkleur nie. Ek het toe medikasie begin gebruik.*

*Op skool het ek baie gesukkel. Ek het elke jaar net net gemaak, en die onderwysers het gesê ek let nie op nie en is stout. Vir ander kinders was ek net bloot dom. Ek is deur die skool getoets, en ADHD is bevestig, en is ek verwys om Martie du Plessis skool toe te gaan. My ouers het geglo dat die veel kleiner klasse op die platteland wel sal help.*

*My broer Dirkie was in my graad 3 jaar in 'n ernstige fietsongeluk. Hy kon glad nie meer onderrig word in 'n gewone hoofstroom skool nie, en moes na Martie du Plessies skool toe. As gesin het ons hervestig na Bloemfontein.*

*Ek moes eers 'n hoofstroomskool bywoon weens die waglys vir Martie du Plessis. Hier was ek deel van 'n klas van oor die 40 kinders. Die onderwyser het gesê ek maak hom mal, vra baie vrae, sit nie stil nie, voetel gedurig en ontwrig 'n hele klas. Die kinders het my gespot en my eenkant toe gestoot. Skool was sleg. Ek wou nie skool toe nie. Om alles te bemoelik, was ek op 'n ander leerplan, spelling het nie saakgemaak nie en ek het nie geleer aanmekaar skryf nie.*

*Toe begin my lewe in graad 6 in Martie du Plessis. Dis hier waar ek aanvaar is vir die eerste keer. Hier waar my onderwysers my verstaan het, en ek nie die enigste een was met die "probleem" nie. Dis hier waar ek vir die eerste keer nie as dom en stout uitgemaak is nie. Ek kon hier bewys ek kan ook my beste lewer. Met baie harde werk en die ondersteuning van my onderwysers, ouers en God kon ek my beste lewer. Kon ek die wêreld wys dat kinders met spesiale onderrigmetodes ook 'n plekkie in die son het. My maats was ook my inspirasie. Hulle was vir my kompitisie. My doelwit was om te gaan studeer in Verpleegkunde. Ek wou graag die beurs hê om my ouers finansieel baie te spaar. Ek wou my skool, my onderwysers en my ouers trots maak. Ek wou hê hulle moes sien dat Martie du Plessis nie hoef terug te staan vir ander skole nie.*

*My beloning was Matriek met universiteitstoelating. 'n Volle beurs vir my studie, 'n laptop, 'n tablet en R2000 kontant van die Departement van Onderwys. Ek was ook een van die top 5 leerlinge in die Vrystaat vir leerlinge met spesiale onderrig-behoeftes. Die Universiteit van die Vrystaat het ook aan my 'n meriete beurs van R5050 gegee vir my prestasies op skool. Harde werk word beloon.*



**Hier verander ons lewens**